



Artikel 18

DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS

Ons bely dat God die belofte aan die vaders deur die mond van die heilige profete inderdaad vervul het deur sy eie eniggebore en ewige Seun in die wêreld te stuur op die tyd deur Hom bepaal. Hy het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem en aan die mens gelyk geword (Fil. 2:7) deur werklik 'n egte menslike natuur, met al sy swakhede maar sonder sonde, aan te neem. Hy is in die liggaam van die geseënde maagd Maria deur die krag van die Heilige Gees en sonder die toedoen van 'n man verwek. Hy het nie alleen wat die liggaam betref, die menslike natuur aangeneem nie maar ook 'n egte menslike siel om so 'n werklike mens te wees.

Want Hy moes sowel die siel as die liggaam aanneem om al twee te red, aangesien beide verlore was.

Teenoor die kettery van die Wederdopers, wat ontken dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het, bely ons daarom dat Christus die vlees en bloed van die kinders deelagtig geword het (Heb. 2:14), dat Hy wat die vlees betref, 'n nakomeling van Dawid is, as mens gebore is uit die geslag van Dawid (Hand. 2:30 en Rom. 1:3), 'n vrug van die moederskoot van Maria (Luk. 1:42), gebore uit 'n vrou (Gal. 4:4), 'n spruit van Dawid (Jer. 33:15), 'n loot uit die wortels van Isai (Jes. 11:1), van die

geslag van Juda afstam (Heb. 7:14), uit die Jode as mens gebore (Rom. 9:5), uit die geslag van Abraham, aangesien Hy die geslag van Abraham aangeneem het en in alle opsigte - maar sonder sonde - aan sy broers gelyk geword het (Heb. 2:17 en Heb. 4:15). Ons bely inderdaad dat Hy waarlik ons Emmanuel is, dit wil sê: God met ons (Matt. 1:23).

Nadat Artikel 16 van die NGB die ewige verkiesing van God verwoord het en artikel 17 aangedui het dat God die belofte (Moederbelofte) van 'n Verlosser gemaak het, dui die volgende paar artikels aan hoedat God hierdie verkiesing bewerkstellig het. Die eerste saak wat na vore kom, is die intrede van God in hierdie werklikheid in.

Daar is mense wat 'n saak daarvoor wil uitmaak dat God gewoon die sonde van die mens kon vergewe en vergeet. God is inderdaad by magte om dit te doen. Die veranderde staat van die mens word nie deur hierdie voorstel in ag geneem nie. Die mens het met die sondeval in wese verander, sterflik geword. Die mens is nou in die mag van sonde en dood.

'n Vergifnis van buite gaan niks verander aan die mens nie, geen deel van die mens se omstandighede beter maak nie. Die mens, en die hele skepping is na die sondeval aan verganklikheid onderworpe. Om die saak te herstel, te herskep, moet daar van binne, vanuit die skepping opgetree word.

Die siekte (sonde) is in die DNS van die mens en daarom moet die siekte (sonde) op die DNS-vlak gesond gemaak word, om 'n mediese metafoor te gebruik. Die skuld van sonde moet verwyder word en 'n volmaakte geregtigheid moet

daargestel word wat voldoen aan die vereiste van verdienstelike werke.

Dit impliseer dat God in die skepping moet inkom. Weer sou die versoeking daar wees om te stel dat God skielik volwasse mens kon wees en dan die sonde op wonderbaarlike wyse aanspreek.

Weer, God is almagtig en sou dit kon doen. Die resultaat van so 'n ingryping sou dalk as ingryping op sel-vlak verstaan kon word. God se redding is egter op die DNS vlak, het die diepste bestaanswese van die mens in die oog. God wil die mens totaal red en daarom moet God totaal in hierdie menswees inkom. Dit is wat deur die menswording van Jesus impliseer word; 'n Inkarnasieleer wat stel dat God ten volle deel van ons bestaan geword het.

Reeds met die Moederbelofte het God dit duidelik gemaak dat die sonde van binne vernietig sou word. Dit is ook waarom daar verwys word na die vrou (Eva) se saad wat die bose se kop sal vermorsel. God het belowe welwetende wat dit impliseer en met die inkarnasie het God hierdie belofte gestand gedoen.

In terme van die uitverkiesingsleer moet ons stel dat God by wyse van hierdie Tweede persoon se inkarnasie, sondaars uitverkies tot die saligheid. Anders gestel; 'n uitverkiesingsleer wat nie Christologies verstaan word nie, is oewerlose spekulasie wat geen sin maak in die eksistensiële nood van die mens nie. Die Middelaar, die een wat belof is, die Verlosser, is almal terme vir hierdie een persoon. In Christus vloei die verskillende temas saam, in Sy persoon ontmoet ons God. Die inkarnasie maak hierdie belofte werklikheid.

God het besluit om sondaars te red, hierdie redding is 'n tydlose Goddelike dekreet (uitverkiesingsleer). God het die belofte gemaak dat die mens gered sal word (Moederbelofte en vele profesieë in

die Ou Testament). Dekreet, belofte en profesie loop saam uit in die geboorte van Jesus van Nasaret – Immanuel. Jesus se inkarnasie geskied nie in 'n tydlose vakuum nie. Daar is ten minste een en sestig profesieë aangaande die Messias wat deur Jesus se koms in vervulling gekom het.

Jesus se inkarnasie was die vervulling van God se belofte om die mens vanuit die menslike situasie te red. Kolossense 2:13-15 *“Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het. Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem. Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer.”*

Die bespreking van die onderafdeling van die artikel is in gewone druk met die aanhaling uit die artikel in **vetdruk** en aanhalings in *skuinsdruk*.

Ons bely dat God die belofte aan die vaders deur die mond van die heilige profete inderdaad vervul het deur sy eie eniggebore en ewige Seun in die wêreld te stuur op die tyd deur Hom bepaal.

Die Moederbelofte word nie gevolg deur 'n lang tydverloop van geen tyding nie. God herhaal by uitstek die belofte van die Seun wat gestuur sal word. Ons hoef maar net te gaan kyk na God se belofte aan Abraham (Genesis 12:3 *“Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.”*), God se belofte aan Jakob (Genesis 49:10 *“Jy sal altyd heers, jy sal aanhou regeer totdat Silo kom, die heerser aan wie die volke hulle sal*

onderwerp.”), God se belofte aan Dawid (2 Samuel 7:12-13 “*Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee. Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan. Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir My 'n seun wees*”, God se belofte aan Israel in Jesaja 9:2-6 “*U het dié wat nie meer 'n nasie was nie, baie gemaak, hulle blydschap groot gemaak. Hulle het hulle in u teenwoordigheid verbly soos mense bly is in die oestyd, soos hulle juig wanneer hulle die buit verdeel. Soos die dag toe Midian verslaan is, het U die juk verbreek wat op die volk gedruk het, die stok waarmee hulle geslaan is, waarmee hulle gedryf is. Elke soldateskoe wat in die oorlog gebruik is, en elke uniform wat met bloed bevlek is, sal verbrand word, deur die vuur verteer word. Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg. Ons sou vele soortgelyke verse kon aanhaal. Dit punt is duidelik gemaak, God het lank en by herhaling belofte dat Hy die Verlosser sal stuur wat koning, priester, profeet en meer sal wees.*

Galasiërs 4:4-5: “Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word.” Die vervulling in tyd van God se belofte word deur God self bepaal. In harmonie met die uitverkiesingsleer word die klem tereg

weer geplaas op God. God se dekreet, God se belofte, God se vervulling van die beloftes op 'n tyd deur God bepaal.

Hy het die gestalte van 'n dienskneeg aangeneem en aan die mens gelyk geword (Filippense 2:7 “*maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.*”) deur werklik 'n egte menslike natuur, met al sy swakhede maar sonder sonde, aan te neem.

Die vraag word gestel na die moontlikheid van Jesus om sonder sonde te wees. Is sonde nie 'n integrale deel van ons menswees dat ons dit nie kan vermy nie? Was Jesus dan net een wat beter teen die sonde gestry het? Hierdie vrae ignoreer 'n belangrike stuk inligting aangaande die skepping van die mens. Die mens is deur God geskep, na God se beeld geskep. Die mens was voor die val inderdaad sondeloos. Dit beteken nie dat die mens nie versoek kon word nie. Die mens is versoek en het geswig – die sondeval. Jesus is ook versoek. Die waarheid is net dat Jesus sonder sonde gebore was en sonder sonde gelewe het. Hy het nooit geswig voor die versoeking van die Verleier nie. Deur as mens gebore te word, het Jesus onmiddellik midde in die menslike bestaan gelewe, as swakke mens wat deur soveel bedreig word.

Jesus neem nie net afstand van Sy Godgelyke bestaan deur mens te word nie, Hy onderwerp Hom williglik aan die eise van die wet van God. Sonder hierdie gehoorsaamheid aan die eise van die wet sal daar geen geregtigheid kan wees wat sondaars red nie.

Jesus word nie net mens nie, maar ten spyte van Sy sondeloosheid onderwerp Hy homself ten volle aan die wet van God. Dit is alles deel van Jesus se bereidheid om die gestalte van 'n slaaf aan te neem.

Dit is genade onbeskryflik groot wat maak dat die Een wat die vryheid van die inter-Triniteit liefde reeds voor tyd geken het, gebore word tussen sondaars wat net wag om Hom dood te maak.

Hy is in die liggaam van die geseënde maagd Maria deur die krag van die Heilige Gees en sonder die toedoen van 'n man verwek. Hy het nie alleen wat die liggaam betref, die menslike natuur aangeneem nie maar ook 'n egte menslike siel om so 'n werklike mens te wees.

Daar was nog altyd mites rondom gode en mense. Die Griekse- en Romeinse gode was veral voorgestel as wesens wat met wellustige oë na sterflinge gekyk het. Manlike en vroulike gode het mense op aarde verlei en uit hierdie interludes is daar volgens legendes kinders gebore. Hierdie halfgode het dan tussen hemel en aarde gelewe, met unieke magte en vermoëns. In vandag se biologiese terme sou ons nie kon praat van *Homo sapiens sapiens* nie. Ons sou moes praat van *homo theos sapiens*. Hierdie wesens, wie se DNS met ander woorde anders was, kan ons onder andere terugvind in Romeinse-, Griekse-, Noorse-, Hindoe- en Keltiese mitologie.

Daarteenoor staan die Bybel se heilsgeskiedenis. Deur die krag van die Heilige Gees (nie uit wellus, begeerte, hunkering of as guns nie) word Maria swanger. Ons moet daarop let dat die Reformatore erkenning gee aan Maria vir die voorreg wat haar te beurt geval het. Sy word geseënd genoem (Lukas 1:41-42 “*Net toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in Elisabet se moederskoot beweeg, en sy is met die Heilige Gees vervul en het hard uitgeroep: “Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is die vrug van jou moederskoot!”*”) Die inkarnasie was geen halwe maatreël deur God nie.

Dit was geen nood stap of ondeurdagte optrede op die ingewing van die oomblik nie. God het in Jesus ten volle mens geword, in alle opsigte 'n eg menslike bestaan gevoer.

Hy is ten volle mens. Dit is nie nodig om vir of teen die dualisme van liggaam en siel standpunt in te neem nie. Waar jy ook al jou oortuiging vind, Jesus het aan al die vereistes van menswees voldoen. Sonde is nie 'n vereiste vir mens-wees nie, dit is die noodlottige gevolg van die verkeerde keuse.

Cur Deus Homo – Waarom het God mens geword? Dit is die tweede tema wat in artikel 18 van die NGB opgeneem word. **Want Hy moes sowel die siel as die liggaam aanneem om al twee te red, aangesien beide verlore was.**

Jesus se menswording was met rede geen halwe maatreël nie. Die mens is totaal verlore. Die sonde het die mens tot op atoom vlak deurdrenk en die Verlosser moes vanuit atoomvlak die mens genees. Die mens se totale verlorenheid kan net omgekeer word deur die Verlosser wat totaal in die mens se bestaan intree. Die Seun van God het die Seun van die mens geword sodat die seuns van mense-kindere seuns van God kan word.

Teenoor die kettery van die Wederdopers, wat ontken dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het, bely ons daarom dat Christus die vlees en bloed van die kinders deelagtig geword het (Hebreërs 2:14 “Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig”), dat Hy wat die vlees betref, 'n nakomeling van Dawid is, as mens gebore is uit die geslag van Dawid (Hand. 2:30 en Rom. 1:3),

'n vrug van die moederskoot van Maria (Lukas 1:42 *“en het hard uitgeroep: “Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is die vrug van jou moederskoot!”*),

gebore uit 'n vrou (Galasiërs 4:4 *“Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe”*). Menno Simons, die stigter van die Anabaptistiese sekte, het beweer dat die Bybel geen woord spreek oor die vleeswording van die Here Jesus nie. Hy het beweer dat die Skepper Jesus in Maria se buik gevorm het soos die Skepper Adam uit die aarde gevorm het. Volgens hierdie standpunt was Maria nie veel meer as 'n broeikas vir Jesus nie. Die teologiese gevolgtrekkings vanuit so 'n kettery maak dit 'n afgryslieke voorstel. Die leerstuk ontken in wese dat Jesus sy menslikheid by sy moeder ontvang het. Dit impliseer dat Jesus nie ware mens was nie. Dit is deur vlees en bloed wat die eerste Adam en die laaste Adam aan mekaar verbind is, dit is net indien die laaste Adam ook ten volle vlees en bloed is, dat ons gered kan word.

'n spruit van Dawid (Jeremia 33:15 *“In daardie dae, in daardie tyd, sal Ek vir Dawid 'n wettige afstammeling gebore laat word en hy sal in die land reg laat geskied en reg doen.”*), **'n loot uit die wortels van Isai (Jesaja 11:1** *“'n Takkie sal uitspruit uit die stomp van Isai, 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra.”*), **van die geslag van Juda afstam (Hebreërs 7:14** *“Dit is algemeen bekend dat ons Here van Juda afstam, en in verband met daardie stam het Moses niks oor die priesterskap gesê nie.”*). Jesus se menswees kan direk gekoppel word aan 'n menslike geslagsregister en ook aan die beloftes wat ons terugvind in die Ou Testament. Hy is die volgende in 'n lang

lyn van voorsate, almal deel van God se belofte van redding.

uit die Jode as mens gebore (Romeine 9:5 *“hulle stam van die aartsvaders af, en uit hulle is die Christus as mens gebore – Hy wat God is, verhewe bo alles en lofwaardig vir ewig! Amen”*), Jesus is soos elke ander mens in tyd gebore as deel van 'n besondere volk. God bly getrou aan Sy beloftes, ongeag die aard van die aardse regering.

uit die geslag van Abraham, aangesien Hy die geslag van Abraham aangeneem het en in alle opsigte - maar sonder sonde - aan sy broers gelyk geword het (Hebreërs 2:17 *“Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen.”* en **Hebreërs 4:15** *“Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie.”*). Vir die menslike oog was daar inderdaad niks wat Jesus van sy tydgenote onderskei het nie. Indien 'n tydreisiger na daardie tyd sou kon reis, sou die reisiger nie 'n vinger na Jesus kon punt as dat hy anders is nie. **Ons bely inderdaad dat Hy waarlik ons Emmanuel is, dit wil sê: God met ons (Matteus 1:23** *“Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem.”* Die naam beteken God by ons.”). Die geheimenis van die inkarnasie kan per slot van sake net bely word. Die wonder van God met ons sal net in verstomming geglo word. Ons denke is nie by magte om die aard en omvang van hierdie wonder te beskryf of te begryp nie. Ons kan maar net dankbaar wees dat die resultaat daarvan is dat ons die saligheid ontvang.